

SKRIFINSPIRASIE EN TEOLOGIESE HERMENEUTIEK

G J Retief

Dit is alleen met groot huiwering dat ek my op dieselfde veld waag waaroor prof H W Rossouw dit so kundig in sy referaat oor die hermeneutiese probleem het¹⁾. Die doel van hierdie skrywe is dan ook nie om maar enigsins sy referaat te bevra nie, maar om eerder, met verwysing daarna en in aansluiting daarby, enkele opmerkings te maak oor die interessante verhouding tussen die leer van die inspirasie van die Skrif en teologiese hermeneutiek.

Om dié rede word as *modus operandi* die drie hermeneutiese modelle geneem wat prof Rossouw aanstip, te wete die argeologiese, die analogies-tipologiese en die eskatologies-kritiese, om hiermee te probeer aantoon hoe die verhouding daartussen en die Skrifinspirasie lê. Die tese wat ek hier as uitgangspunt neem en meen om te verhelder, is dat elke hermeneutiese model gefundeer is op en voortvloei uit 'n sekere opvatting oor die inspirasie van die Skrif. Anders gesê: die leer oor die inspirasie wat iemand daarop nahou, is bepalend vir die hermeneutiek wat hy sal beoefen.

'n Enkele woord oor die motivering vir so 'n skrywe. Uiteraard is die inspirasieleer, net soos die hermeneutiese model, dikwels en in 'n groot mate pre-reflektief. Met ander woorde, die inspirasieleer en hermeneutiek, wat sekerlik teenwoordig is by elke gelowige, is dikwels vaag en onomlynd en dikwels is die gelowige selfs onbewus daarvan dat hy 'n inspirasieleer en 'n hermeneutiek het. Die gevolg hiervan is dat die gelowige nie altyd konsekwent dink oor beide aangeleenthede nie.

Terwyl die opvattinge oor inspirasie en hermeneutiek nog hoofsaaklik pre-reflektief is, is daar nog geen sprake van 'n *bewuste* kortsluiting tussen die Bybel en die hede nie, ook nie van die dikwels problematiese inset van 'n sekere inspirasieleer nie. 'n Onhoudbare pre-reflektiewe inspirasieleer kan dan dikwels die onhoudbare hermeneutiese gevolg hê dat

1) Referaat gelewer te Potchefstroom, Junie 1978, op 'n konferensie oor "Die lewende Woord in wetenskap en praktyk", opgeneem in *Scriptura* I (1980), pp 7 - 28.

net sekere dele van die Bybel relevant sou wees vir die moderne mens - om net een aspek te noem.

Tog kan - en behoort - dit (te) gebeur dat die pre-reflektiewe denke oorgaan tot reflektiewe denke. Maar dan word bogenoemde inkonsekwentheid tot bron van 'n al hoe groter wordende verwarring en onsekerheid, omdat die (hermeneutiese) kortsluiting en die dikwels problematiese (dogmatiese) inspirasieleer hoe langer al hoe meer duidelik word.

Die voorafgaande kan die indruk skep dat die skrywer 'n sekere inspirasieleer as die enigste moontlikheid daarop nahou, met 'n gepaardgaande hermeneutiese model, wat dan as sleutel sou dien om al die slotte van die Bybel mee oop te sluit. Maar dit sou 'n valse indruk wees wat ten onregte gewek is. Daar word hoegenaamd nie gepretendeer dat die juiste inspirasieleer en hermeneutiese model gevind is nie. Daaroor gaan dit ook nie hier in die eerste plek nie. Dit gaan hier wel om die verheldering van die verhouding tussen die inspirasieleer en die hermeneutiek, wat die moontlike verheldering ten opsigte van die verskillende keuses betreffende beide sake kan beteken.

Wanneer ons dan enkele lyne wil aanstip, doen ons dit met die volle wete dat al die verskillende samehange nie eens aangeraak kan word nie en dat dit wat ons wel sal aansny, hoegenaamd nie uitputtend beskryf kan word nie. Dalk dek die volgende tog die belangrikste benaderingswyses.

1 *DIE MEGANIESE INSPIRASIELEER, MET SY HERMENEUTIESE SPITS IN DIE ARGEOLOGIESE MODEL*

Volgens die meganiese inspirasieleer was die skrywers van die Bybel passiewe instrumente in die totstandkoming van die Bybel. God het Sy Woord gedikteer en die Bybelskrywers het alleen maar Sy stem gehoor en dit woordeliks so op skrif gestel. Daar was geen sprake van menslike inisiatief, belangstellings, voorkeure en ook onkunde nie. God het gewoon die ganse mens, met sy verstand, wil en emosie uitgeskakel, hom gesystap en deur diktering Sy Woord op skrif laat stel. Só 'n opvatting van die Skrif lei tot 'n strakke verbale inspirasieleer, wat elke letter, elke jota en tittel beskou as komende direk van God en daarom sonder die moontlikheid van foute. Wat God doen, is immers volmaak. Wanneer daar dan wel op sekere teenstrydighede of foute in ons huidige Bybel gewys word, is dit volgens hierdie

opvatting duidelik dat dit nie te wyte kan wees aan teenstrydighede of foute in die oorspronklike (die sg *outographa*) nie, maar eerder het dit in die oorskrywe van die Bybel ingesluip. Daarom is tekskritiek nodig, maar dan beteken tekskritiek nie *teks*-kritiek nie (in die sin van die oorspronklike teks nie), maar kritiek op die oorskryf van die teks. Daarby moet nog die talle skynbaar teenstrydige tekste en foute in ag geneem word, wat mekaar nie weerspreek wanneer elk suiwer gesien word in sy eie konteks nie, maar wat mekaar eerder aanvul²⁾.

Wie só oor die Bybel dink, kan net 'n argeologiese hermeneutiese model daarop nahou. In die argeologiese model gaan dit om die ontdekking van die blywende beginsels, die onveranderlike Goddelike waarhede. Ook hier, soos by die meganiese inspirasieleer, word die Woord onthistoriseer, want dit gaan ten diepste om 'n "bohystoriese patroon van heilsbeginsels", wat nou opgediep moet word. Immers: "Die historiese materiaal is ... vir hom alleen maar die tydelike omhulsel waarin die tydllose beginsels verpak is. Eenmaal vasgestel, dit wil sê eenmaal uitgepak uit hulle histories-bepaalde omhulsel, kan hulle in hulle tydllose geldigheid oorge- dra en van toepassing gemaak word op die koördinatesisteam van die huidige wêreld." (Rossouw 1980:26).

Daar kan min twyfel bestaan dat die argeologiese model in die teologiese hermeneutiek direk afkomstig is van die meganiese inspirasieleer in die dogmatiek.

2 DIE DUALISTIES-GENEIGDE INSPIRASIELEER, MET SY HERMENEUTIESE SPITS IN DIE ANALOGIES-TIPOLOGIESE MODEL

Die sogenaamde dualistiese inspirasieleer is 'n term wat vele betekenis kan hê, afhangende van die tipe van dualisme waaroor dit gaan. Dit kan in die algemeen in twee hoofgroepe verdeel word, te wete die meer formele en die meer materiële dualistiese inspirasieleer.

'n Krasse voorbeeld van die meer formele dualistiese inspirasieleer, is die opvatting dat die OT nie meer relevant is vir die Christendom nie, terwyl die NT wel relevant is. Binne die NT self kan die grense ook op 'n dualistiese manier getrek word, bv wanneer alleen die briewe van Paulus as geïnspireerd beskou word.

2) Ons dink aan die welbekende voorbeeld van die verhouding tussen geloof en goeie werke by Paulus en Jakobus.

Daar kan egter ook meer materiële dualistiese inslae in die inspirasieleer wees. Die belangrikste hiervan is miskien (seker belangriker as enige formele dualistiese inspirasieleer!) die opvatting, dat die geskiedenis *self* nie so belangrik is nie, wel die openbaring binne die geskiedenis. Meer gewig word hier aan die geskiedenis verleen as wat die geval by die meganiese inspirasieleer is. Die openbaring konstitueer die situasie en bestaan dus nie los van die geskiedenis nie. Tog is en bly dit hier nie die geskiedenis self wat belangrik is nie, maar die sg "boodskap" wat deur die medium van die geskiedenis die mens bereik.

Dikwels word daar hieruit gekonkludeer dat die *verhale* in die Bybel nie geïnspireer is nie, maar die "teologiese inhoud" daarvan wel. Daarom moet daar na hierdie teologiese inhoud gesoek word, wat êrens verborge lê binne die veelheid van verhale en gebeurtenisse. Ten grondslag aan al die gebeurtenisse en verhale, wat in sigself vir ons niks sê nie, is daar 'n grondliggende patroon wat die gebeure konstitueer.

Aan hierdie inspirasieleer korrespondeer daar duidelik die sogenaamde analogies-tipologiese model in die hermeneutiek. Hierdie model negeer nie die historiese omstandighede van die Bybel as sodanig nie, maar wil die historiese situasie so duidelik en helder as moontlik omlin ten einde 'n patroon daarin te ontdek wat ooreenkomste vertoon met huidige situasies.

Vanuit hierdie omlinende situasies moet daar dan beweeg word na analoë situasies van die hede. Dit word gedoen "... deur in die huidige ervaringswêreld te soek na situasies wat 'n ooreenkoms of analogie met hierdie histories-omlynende situasie vertoon. Op die basis van hierdie ooreenkoms moet die uitsprake van die teks so 'verbuig' of 'vervoeg' word dat dit die huidige situasie opherlde, en riglyne vir die gelowige handeling daarin verskaf." (Rossouw 1980:26-27).

Prakties hou die analogies-tipologiese model in die teologiese hermeneutiek dikwels 'n dualisme in, want nie altyd word die ooreenkomste gevind wat veronderstel is om die kloof tussen die Bybelse verhale en die hede te oorbrug nie. So kan bepaalde tradisies van vertolking ontstaan wat dié dele van die Bybel waarmee die gesogte ooreenkoms gevind is benadruk, maar die ander dele van die Bybel negeer wat

steeds die ooreenkoms skyn te ontwyk. Die opening wat dit laat vir die Bybelse "fundering" van geliefde ideologiese voorkeure, word hier 'n - gevaarlike! - reële moontlikheid.

3 DIE DINAMIESE OF AKTUALISTIESE INSPIRASIELEER, MET SY HERMENEUTIESE SPITS IN DIE ESKATOLOGIES-KRITIESE MODEL

Die beste voorbeeld van 'n dinamiese of aktualistiese inspirasieleer is steeds dié van K Barth. Vir Barth is die Bybel as sodanig nie geïnspireer nie, *is* die Bybel dus nie die Woord van God nie, maar *kan* die Bybel die Woord van God *word* wanneer en waar dit Hom behaag. Wanneer God wil, maak Hy hierdie boek tot Boek, spreek Hy in en deur die spreke van die Bybelskrywers tot mense in hulle konkrete situasie.

Die Bybel self is as sodanig die woorde van mense. Dit is die getuienis van mense aangaande die openbaring. Dit is egter nie self openbaring nie. Daarom is die Bybel vol teenstrydighede en foute, want alle mensewerk is vol daarvan. Tog ag God *hierdie* getuienis só belangrik, dat dit Sy wil is om juis dit te gebruik om Sy Woord aan die mense bekend te maak, om "senkrecht von Oben" die mens deur hierdie getuienis aan te spreek, hom plat te slaan, hom aante gryp en te verander na die beeld van Christus.

Hierdie "loodreg van Bo", hierdie ingryping en aangryping van God is 'n eskatologiese gebeure. Eskatologie is immers die teenwoordigheid van God hier en nou, die intrede van die beloofde toekoms in die hede.

Daar kan alleen maar ten onregte van Barth gesê word dat sy dinamiese inspirasieleer beperk is tot eskatologiese dimensies, veral wanneer die eskatologie gesien word as 'n toekomstige gebeure. Tog is dit wel so dat 'n aktualistiese inspirasieleer maklik sal kan lei tot 'n eskatologies-gestempelde inspirasieleer, met die gepaardgaande eskatologiese model in die hermeneutiek.

Dat die verkondiging van die Bybel God teenwoordig stel, dat die beloofde toekoms hier en nou gerealiseer is, dat die eskatologie 'n ongekwalfiseerde *novum* inhou, is alles aksente wat iemand soos J Moltmann in sy teologie aan die orde stel. Sy aktualistiese inslag is veral duidelik in sy aksent op die *novum*, nl dat God se beloftes om vervulling vra en, wanneer dit vervul word, telkens weer as vervulde belofte die basis vorm vir 'n volgende en nuwe belofte. So is die horison altyd oop, is die verwagting

altyd daar dat God sy beloftes op Sy manier sal vervul en ook dat Hy opnuut weer beloftes sal maak.

Duidelik korrespondeer hierdie aktualistiese inspirasieleer met die eskatologies-kritiese model in die hermeneutiek. Wat die verlede en die hede vir die gevoel van hierdie tipe van hermeneutiek bind, is die gemeenskaplike verwagtingshorison. Hierdie verwagtingshorison word "gekonstitueer ... deur die heilsaanspraak van Gods Woord as 'n belofte van universele bevryding en vernuwing" (Rossouw 1980:26). Deur die aankondiging van God se komende, nuwe wêreld, word die hoop op heil in 'n heillose situasie wakker geroep. Dit is deur die aankondiging van hierdie *novum* dat mense bevry word en die koninkryk van God inbreek in die kultuursituasies van die mens.

Daar is tydgebonde elemente in die teks wat nie meer in 'n aktualiserende toepassing vertolk kan word nie. "Wat nie tydgebonde is nie, is die rigtingskonstante heenwysing van hierdie voorstellinge en verwagtingsbeelde na die eschaton van die beloofde toekoms." (Rossouw 1980:28). Hierdie rigtingkonstante heenwysing moet gevind word sodat die verwagting van die heil ook in die eietydse situasie aangekondig kan word. Die vertolker moet krities staan teenoor magte wat die hoop op die heil kan verdonker en vanuit hierdie kritiek moet daar nuwe, konkrete handelingsmoontlikhede vir die toekoms ontstaan.

4 Soms word daar ook nog op die sg *naturalistiese "inspirasie"-leer* gewys wanneer daar tussen die verskillende inspirasielere onderskei word. Hierdie "inspirasie"-leer verdien hier geen aandag nie, omdat dit geen *inspirasie*-leer in die ware sin van die woord is nie. Die naturalistiese inspirasieleer maak van die Bybel 'n gewone boek, wat geïnspireer is soos enige ander kunswerk. Die Bybel verskil dus nie van enige ander goeie boek nie en is slegs een van die vele maniere waarop en waarin God Hom openbaar. So word die beslissende betekenis van die *inspiratio* egter afgeswak deur die nivellering daarvan met die *illuminatio*.

So 'n "inspirasie"-leer kan in sy hermeneutiese spits alleen maar die gewone wetenskaplike reëls vir vertolking gebruik, wat ook geld vir die lees en vertolking van enige ander boek. Die werksaamheid van God in die hermeneutiese gebeure word hier ten minste beperk tot die

"algemene" werksaamheid, waar God die leser illumineer ten einde die teks te verstaan. So 'n naturalistiese hermeneutiek is ewe onaanvaarbaar as 'n naturalistiese inspirasieleer, omdat daar nie meer ~~wan~~ 'n *teologiese* hermeneutiek in die ware sin van die woord sprake kan wees nie.

5 *DIE ORGANIESE INSPIRASIELEER, MET SY HERMENEUTIESE SPITS IN DIE ORGANIESE MODEL*

Dit is veral H Bavinck (1918:406vv) wat die organiese inspirasieleer ontwikkel het. Die begrip "organies" is hoofsaaklik gekies om die manier waarop die Heilige Gees die skrywers gebruik het, asook die opvatting van die Skrif self, te verhelder.

Wat eg. betref, het Bavinck die organiese inspirasieleer gebruik veral in teenstelling tot die meganiese. Hy wil daarmee aantoon dat die Heilige Gees die skrywers nie as masjiene nie, maar as lewende organe gebruik het. Die skrywers is nie eenvoudig as spreekbuis gebruik, asof hulle passief of onbewus sou wees in die proses van skrywe nie. Veel eerder het God hulle voorberei en gebruik Hy hulle met hulle eie persoonlikheid, karakter, voorkeure, ervaring en selfs swakhede. Die begrip organies wil daarom duidelik maak dat die Bybelskrywers in die volheid van hulle menswees, met die totale gebruik van hulle gawes en talente deur die Heilige Gees gebruik is. Die werksaamheid van die Heilige Gees by die skrywers bestaan daarin, "... dat Hij, na het menschelijk bewustzijn der scriptores op allerlei wijze, door geboorte, opvoeding, natuurlijke gaven, onderzoek, herinnering, nadenken, levenservaring, openbaring enz geprepareerd te hebben, nu in en onder en bij het schrijven zelf in dat bewustzijn die gedachten en woorden, die taal en dien stijl deed opkomen, welke de goddelijke gedachte op de beste wijze ... vertolken konden" (Bavinck 1918:464).

Die onderskeid tussen die *leiding* (*agesthai*) en die *drywing* (*pheresthai*) van die Heilige Gees is hier van groot betekenis. Die leiding van die Gees is naamlik die deel van alle gelowiges. Dit het met geloof, bekering, die verligting van die verstand en die vernuwing van die wil te make. Die drywing van die Gees het egter net met die profete en apostels te make. (vgl 2 Petr 1:19-21). Die Gees het die skrywers gedrywe (*pheresthai* beteken letterlik die drywing van 'n skip deur die wind) om te praat en te skrywe wat hulle van God ontvang het.

Wat die Skrifbeskouing betref, het die keuse van die woord organies ook sekere gevolge. Die Skrif word naamlik nie *meganies-analities* in sy afsonderlike dele gesien nie, asof dit op sigself staande groothede sou wees wat elk 'n selfstandige bestaan sou hê nie. Die Skrif word eerder *sinteties* beskou, as een groot geheel, wat sy volle betekenis alleen in sy organiese eenheid en sy ganse historiese verband kan vind. Die rede vir hierdie sintetiese beskouing word gevind in die *een beginsel* waaruit die Skrif organies ontwikkel het. Hierdie beginsel is die ingewing of inspirasie van die Heilige Gees. As sodanig wil die organiese inspirasieleer daarom niks weet van grade van inspirasie nie, maar slegs van grade van openbaringsinhoud in die Skrif. Die Skrif het immers as 'n organiese geheel vanuit een beginsel organies tot stand gekom.

Die Skrif is tegelyk mensewoorde en woorde van God. Daarom sal dit altyd 'n onvolmaakte vorm hê. Dit sal alleen volmaak kan wees as God gekies het om die mens te sistap en regstreeks sy woorde op skrif te stel. Tog het dit Hom behaag om langs die weg van vernedering, in die swakke, gebrekkige, mensewoorde tot die mens te spreek. Daarom dien die Skrif homself aan as Woord van God. Die woorde van die Skrif druk God se gedagtes uit en kan daarom nie van hulle openbaringsinhoud geskei word nie. Die verbale inspirasieleer van die meganiese model loer hier om die hoek.

Die organiese inspirasieleer het duidelik 'n eie hermeneutiese model tot gevolg. Die organiese Skrifbeskouing laat die leser nie toe om enige deel van die Skrif geïsoleerd te beskou en te interpreteer nie. Al beteken dit nie dat afsonderlike gedeeltes van die Bybel geen betekenis op sigself het nie, bly dit steeds so dat die volle betekenis daarvan alleen in die samehang met die hele Skrif na vore kan kom. Dit lei direk tot die hermeneutiese prinsipe dat Skrif met Skrif vergelyk moet word. Die Skrif is immers 'n eenheid kragtens die eenheid van sy oorsprong deur die inspirasie van die Heilige Gees.

Die opvatting oor die werksaamheid van die Heilige Gees sover dit die gebruikmaking van mense as organe betref, het eweneens implikasies vir die hermeneutiek. Dit is naamlik van kardinale belang om die psigologiese en historiese verband te leer ken ten einde die woorde van die skrywers te snap. Daarom sal die organiese model in die teologiese hermeneutiek die geskiedenis ernstig neem. Die proses van

vertolking sal nie net die skrywer nie, maar ook sy onmiddellike situasie, sy situasie binne die hele volk, asook die posisie van Israel binne die wêreldgemeenskap van destyds in ag neem. Die totale *Sitz im Leben* word daarom as belangrik geag vir die verstaan van 'n teks.

Die volle persoonlikheid van die skrywer is opgeneem in die inspirasieleer, daarom sal die hermeneutiek ruimte moet laat vir menslike swaakheid en onkunde. So ontstaan daar ook begrip vir die eie aard van verskillende letterkundige vorme, wat elk in ooreenstemming met die aard daarvan gelees en verstaan moet word.

Die woorde van die teks word egter sō ernstig geneem, dat die meganiese inspirasieleer tog maar weer by die agterdeur insluip. Die organiese model in die hermeneutiek sluit daarom nie die argeologiese model uit nie, al beoog hy ook om dit te doen. Dit is veral duidelik uit die feit dat die organiese inspirasieleer geen differensiasie in die Skrifinspirasie wil aanvaar nie. Maar dan help die nuttige uitsig op die *Sitz im Leben* en die eie aard van literatuurtypes nie meer veel nie. Die onderskeiding tussen Skrifinspirasie en openbaringsinhoud (wat wel grade ken) lyk daarom na 'n kunstgreep om te ontsnap aan die dreiging van die meganiese inspirasieleer met sy kenmerkende hermeneutiek.

Ons het pas verskillende tipes van teologiese of dogmatiese opvattinge oor die inspirasie geskets, met die doel om aan te toon dat elke inspirasieleer tot 'n eie hermeneutiese model lei. Vir dié doel was ons hier alleen in die verband tussen inspirasie en hermeneutiek geïnteresseerd, en nie soseer in 'n beoordeling van elk nie. Daar sou uiteraard veel kritiek teen elke model ingebring kon word. Tog kom daar ook heelwat positiewe aspekte na vore, wat deur die kerk en die teologie (en die Bybelkunde) nuttig aangewend kan word. Maar dit sal ons goed doen om te onthou dat, wanneer alle goeie insigte, middels en metodes deur die leser en vertolker van die Bybel gebruik is, hy nōg altyd vir die regte verstaan van die teks op die verligting deur die Heilige Gees aangewese is. Daarby moet ons onthou dat die Heilige Gees die Bybel veral vir ons verstaanbaar maak in samehang met die "vaders" en die "broers". Die belang van die realiteit van die kerk as ruimte waarbinne die Heilige Gees die Bybel vir ons verstaanbaar maak, kan daarom nie oorbeklemtoon word nie. En dié gedagtes verswak nie die rede waarom daar met alle ywer gesoek moet word na die juiste metodes, hulpmiddels en insigte vir die verstaan van die Bybel nie; intendeel, dit bevestig en versterk dit.

LITERATUURLYS

- Bavinck H 1918 *Gereformeerde Dogmatiek I.* Kampen: Kok.
Derde onveranderde druk.
- Rossouw, H W 1980 "Hoe moet 'n mens die Bybel lees? Die herme=
neutiese probleem", *Scriptura I*, (1980) 7-28.